Ouderdom: **GR 4-6**
Tema: **Plan vir jou lewe**
Teks: **Jeremia 18:1-6**

LES MATERIAAL:

Liedere: 1. Doen slegs u wil, Heer (Jeugsangbundel nr 36)
2. Twee ogies om Gods werk te sien (nr 82)

Apparaat: Klei wat in 'n bal gevorm is
Klei in 'n dun tou gerol
Klei wat klaar in 'n mooi vorm is
Uitgedroogde klei
Genoeg klei om 'n figuur te maak terwyl die les verduidelik word.

INLEIDING:

Baie kinders gebruik klei soos hierdie om mee te speel. Dit is sommer groot pret, want jy kan baie verskillende goed maak. As jy dit in 'n bal vorm, kan dit selfs hop. As jy dit vinnig trek, maak dit 'n harde klapgeluid. Wanneer jy dit stadig en versigtig lank en dun uitrol, lyk dit soos 'n tou.
Wat jy ook al aan kan dink, kan jy maak. Kom ons gebruik nou hierdie klei en dan luister ons na 'n wonderlike boodskap wat ons uit die Bybel kry.
(Doen 'n gebed voor u begin).

INHOUD:

Die Bybel leer vir ons dat alle mense in sonde gebore word, sonder hoop en sonder 'n doel. Mense is soos gewone klei: As dit net so laat lê word, beteken dit niks en droog uit. Mense wat nie die Here ken nie, is soos sulke klei. Sonder 'n doel en nutteloos.

As ek nou hierdie klei in my hande neem en daarmee werk, kry dit 'n vorm en begin lyk dit na iets. Ons kan sê dit kry "lewe". Ons kan sê my hande is soos God wat ons lewens neem en dit vorm en maak om daaraan betekenis (doel/sin) te gee. God het 'n doel met ons lewens. Hy wil hê ons moet Hom op aarde aan ander mense voorstel. Ons is met ander woorde VERTEENWOORDIGERS van God.

Solank as wat ek nou hierdie klei in my hande het en daarmee werk, bly dit in die vorm. As ek dit neersit, verander dit weer van vorm en sak selfs inmekaar. As God se kinders moet ons toelaat dat Hy elke dag met ons werk deur sy Woord. Kom ons kyk nou wat sê die Bybel vir ons.
Lees **Jeremia 18:1-6.**

Die Here werk met ons - nie vir onsself nie, maar om Sy verteenwoordigers, Sy dissipels te wees. Ons moet soos 'n bonsende bal klei wees. Oral moet ons ander van God vertel. Jesus het vir Sy dissipels gevra om Hom te verteenwoordig. Maar wat gebeur toe? Tydens Jesus se kruisiging, verloën en verraai hulle Hom. Omdat Hy geweet het Sy dissipels sal nie alleen verder verteenwoordigers vir Hom kan wees nie, het Hy die Heilige Gees gestuur. Sy Gees is altyd by Sy kinders (dissipels/verteenwoordigers).

AFSLUITING:

Kom ons kniel nou soos die dissipels en vra die Groot Pottebakker om ons te vorm:

Here, vorm my en maak my net soos U wil
Op U bly wag ek, nederig en stil.
AMEN